REGLEMENT VIR DIE GEBRUIK VAN DIE GEMEENTESENTRUM EN FASILITEITE

1 BESKIKBAARHEID

1.1 Die fasiliteite is in die eerste plek bedoel om gemeentelike aktiwiteite te huisves en sodanige aktiwiteite moet te alle tye voorrang geniet by beskikbaarstelling van die fasiliteite. Dit sluit in aktiwiteite wat deur lidmate individueel of in groepsverband aangebied word.

1.2 Die gemeentesentrum moet vir die gemeente se lidmate ‘n “tuiste” wees waar hulle warmte en geselligheid ervaar. Daarom moet hulle sover moontlik (sekuriteitsvereistes in ag genome) vrye toegang hê tot die gemeentesentrum.

1.3 Die geriewe kan ook aan lidmate beskikbaar gestel word vir privaat gebruik. ‘n Onderskeid moet egter getref word tussen gebruik vir persoonlike en/of gesinsdoeleindes en gebruik in breër familie- of vriendskapsverband.

1.4 Onderhewig aan spesifieke gebruiksvoorwaardes kan die fasiliteite ook aan buite-instansies beskikbaar gestel word. In dié verband moet ook ‘n onderskeid getref word tussen kommersiële en nie-kommersiële aktiwiteite.

1.5 Die fasiliteite is egter nie beskikbaar vir die hou van politieke of dergelike vergaderings nie of vir sektariese en godslasterlike aktiwiteite nie.

2 ALGEMENE VOORWAARDES

2.1 Die geriewe is nie beskikbaar vir aktiwiteite wat die gewyde aard van die kerkkompleks in gedrang bring nie.

2.2 Aktiwiteite wat abnormale slytasie en ander vorms van wangebruik in die hand werk, sal nie akkommodeer kan word nie.

2.3 Ewe eens sal aktiwiteite wat abnormale opruiming en skoonmaak vereis, nie geredelik aanvaar kan word nie.

2.4 Gebruik van die orrel en tegnologiese toerusting in die kerk is onderhewig daaraan dat ‘n bevoegde orrelis en/of operateur vir die toerusting dit gaan gebruik.

2.5 Die gebruik van alkoholiese drank in die sentrum is onderhewig aan die volgende voorwaardes:-

2.5.1 Spesifieke vooraf goedkeuring moet verkry word

2.5.2 Slegs ligter dranksoorte (vonkelwyn en ander wynsoorte) is toelaatbaar en geen sterk drank soos spiritualieë nie

2.5.3 Geen drankverkope mag plaasvind nie.

3 TARIEWE

3.1 Die tariewe soos in meegaande tabel uiteengesit is onderhewig aan die volgende kwalifikasies:-

3.2 Alle gemeentelike aktiwiteite het vanselfsprekend gratis gebruik van die fasiliteite. Dit sluit in aktiwiteite van lidmate in gemeenteverband, van diensgroepe, van groepe vir bidure of omgeebyeenkomste, ensovoorts. Dit sluit ook in sosiale geleenthede wat met die werksaamhede van die gemeente verband hou.

3.3 Vir ander kerklike- en liefdadigheidsaktiwiteite kan gratis beskikbaarstelling van die geriewe ook oorweeg word, mits ten minste werklike kostes verhaal word.

3.4 Vir lidmate van die gemeente geld die volgende toegewings:-

3.4.1 Vir huwelike van gesinslede, word die kerk of kapel gratis beskikbaar gestel, maar die lidmaat betaal wel:-

* Vergoeding vir personeel volgens bestaande skale

* Die helfte van bostaande tariewe (sonder winsbejag) vir enige ander geriewe, byvoorbeeld vir onthale in binnehof, ensovoorts.

3.4.2 Vir begrafnisse van gesinslede (gade, voorgeslag, nageslag) word geen gelde van lidmate gevorder nie. In die geval van lidmate se familie in breër verband (broer/suster, neef/niggie, ensovoorts) die kerk gratis, die ander geriewe teen helfte die tarief (sonder winsbejag).

3.4.3 Vir ander aktiwiteite as huwelike en begrafnisse betaal lidmate ook vir die kerk die helfte van die tariewe (sonder winsbejag).

3.4.4 Waar lidmate se familie (in breër verband) aktiwiteite wil aanbied, moet die volle tariewe betaal word hetsy met of sonder winsbejag na gelang van die geval.

3.5 Vir alle ander buite-instansies geld die tariewe soos in die tabel uiteengesit.

3.6 Ten tye van die bespreking van die geriewe word ‘n deposito van 20% van die toepaslike tarief vereis, welke deposito in berekening gebring sal word by die finale afrekening.

3.7 Benewens bostaande deposito word ‘n breekskade-deposito van R150,00 van buite-instansies (R75,00 van lidmate vir private gebruik) gehef wat terugbetaalbaar is in die mate wat dit nie vir vergoeding van breekskade nodig is nie.

4 SPESIFIEKE GEBRUIKSREëLS

4.1 Die gebruikers van die geriewe is verantwoordelik vir enige skade wat aan eiendom aangerig mag word.

4.2 Die geriewe word skoon en netjies tot beskikking van gebruikers gestel, maar gebruikers is self verantwoordelik vir die gereedmaking daarvan vir hulle doel, die rangskikking van tafels en stoele, ensovoorts. Die kosterassistent is **nie** gedurende sy diensure by die kerk beskikbaar vir hulp aan gebruikers nie. Daar kan afsonderlik en teen vergoeding met hom gereël word om in sy vrye tyd (na-uurs of gedurende sy etensuur) hulp te verleen.

4.3 Na afloop van ‘n geleentheid kan die geriewe net so gelaat word. Die koster en kosterassistent sal sorg vir die regpak en die skoonmaak daarvan.

4.4 Die koster of enige amptenaar van die gemeente is by magte om enige gebruiker te versoek om sy aktiwiteite te staak of aan te pas as dit nie voldoen aan die algemene of spesifieke gebruiksreëls nie (veral paragraaf 2.1) of as dit ‘n steurnis vir ander gelyktydige gebruikers veroorsaak.

4.5 Vir die oop- en toesluit van die geriewe en die aan- en afskakel van die ligte, moet met die koster gereël word. Spesifieke tye moet met die koster gereël word (012 460 8570).

4.6 Wanneer buite-instansies die geriewe huur, moet die koster en die instansie wat die geriewe gaan gebruik, saam die aantal stoele, tafels en ander los items asook die algemene toestand van die geriewe kontroleer.

5 BESPREKING

5.1 Bespreking van die gebruik van die geriewe moet by die kerkkantoor geskied, Stellastraat 158, Waterkloof, 012 460 8570, Faks 012 346-2701.

5.2 **Voordat die geriewe gebruik word moet hierdie Reglement deur die voornemende gebruikers by die kerkkantoor afgehaal (wanneer die deposito betaal word) en deeglik bestudeer word.**

6 VOORBEHOUD

Ongeag enigiets wat in hierdie Reglement geskryf staan, behou die kerkraad hom die reg voor om toestemming vir die gebruik van die geriewe te weier sonder opgawe van redes.

In die lokale is, benewens stoele en tafels soos die kapasiteit aandui, ook die volgende beskikbaar:-

KERK:	Orrel, vleuelklavier, klankstelsel, dataprojektor, CD speler.
BINNEHOF:	Klavier, snoekertafel, lugreëling, klankstelsel.
KONFERENSIELOKAAL:	Tafels, stoele
MOEDERSKAMER:	Lugreëling.
KAPEL:	Vleuelklavier, kateder, nagmaaltafel, dataprojektor, CD speler, rekenaar.
KOMBUIS:	2 Elektriese waterkanne, stoof, mikrogolfoond, yskas, breekware, messegoed, tafeldoeke (moet afsonderlik gereël word) volgens afsonderlike tariewelys op aanvraag beskikbaar.

FASILITEIT	VIR AKTIWITEITE SONDER WINSBEJAG	VIR KERKLIKE (Nie Gemeente) AKTIWITEITE	VIR AKTIWITEITE MET WINSBEJAG	KAPASITEIT NAASTEBY (GEHOORSAAL FORMAAT)
Kerk 3 uur of minder Meer as 3 uur	R440 Plus R140 per uur – maksimum R1 000	R55 per uur	R1 150 Plus R350 per uur – maks R2 500	500
Binnehof 4 uur of minder Heel dag	R250 R650	R65 per uur	R 480 R1 450	250
Lushof	R250 R650	R65 per uur	R 480 R1 450	
Gasbraai	Gasfooi R50 vir 3 ure			
Konferensielokaal 4 uur of minder Heel dag	R165 R400	R40 per uur	R 300 R 750	150
Moederskamer Saam met kerk Afsonderlik	Gratis R35	Gratis Gratis	Gratis R55	20
Kombuis Oggend, middag of aand Heeldag	R120 R200	R45 ** R65 **	R165 R330	-
Konsistorie 4 uur of minder Heeldag	R165 R400	R40 per uur	R300 R700	50
Orrel Saam met kerk Afsonderlik	Gratis R40 per uur	Gratis Gratis	R60 ekstra R60 per uur	
Kapel	Soos vir kerk	Soos vir kerk	Soos vir kerk	60
Kategese Lokale Saam met ander lokaal Afsonderlik	R20 elk R25 elk	R15 elk R15 elk	R30 elk R40 elk	Wissel 10 – 23
Inhoud van Kombuis	Bestaande tariewe	Terugbetaalbare breekskadedeposito R150	Bestaande tariewe	-
Tafels vir wegneem	Gratis aan skole en inrigtings R20 elk aan lidmate	Soos vir lidmate	Nie beskikbaar nie	-
Stoele vir wegneem	Gratis aan skole en inrigtings R8 elk aan lidmate	Soos vir lidmate	Nie beskikbaar	-
Dataprojektor	R40 per uur	R30 per uur	R70 per uur	-
Klankstelsel	Vergoed operateur teen sy tarief	Vergoed operateur teen sy tarief	Vergoed operateur teen sy tarief	-
Fotokopieërder (moet ontmoedig word)	R0,25 per kopie	R0,20 per kopie	Nie beskikbaar	

** Indien gebruik gemaak word van 'n privaat spysenier, betaal hy/sy dit en verhaal van gebruiker deur prys van verversings.

1 Maart 2010

Sonja/My Werk/Tabelle/Tariewe vir fasiliteite in Gemeentesentrum